DEEL II.

SINNE, SINSREEKSE EN SINSGROEPE.

Hoofstuk I. Inleiding.

390. In ons daaglikse taalgebruik het die woord 'sin' 'n taamlik vae en onvaste betekenisinhoud. Om die gebruik daarvan as vakterm moontlik te maak is dit nodig om die begrip behoorlik te definiëer, maar die poginge om 'n definiesie te gee het tot gevolg gehad veel meningsverskille wat tot nog toe nie tot eenstemmigheid gelei het nie. Die meningsverskille betref sowel die omvang en afbakening van die begrip self as die logiese, psigologiese en grammatiese bestanddele wat 'n analiese oplewer, en hulle onderlinge verhouding. Daarby gee ook die gebruiklike terminologie aanleiding tot verwarring. Om die terminologiese moeilikhede te ondervang gebruik ons die terme *Volsin* en *Bysin*. Die woord *sin* self, kan dan gebruik word as algemene term vir die een sowel as die ander. Hier volg ons definiesie van 'n Volsin: [1])

391. 'n *Volsin* (Sweeds *mening*; Duits *Ausspruch)* is die kleinste klankverbinding wat onder die praat as selfstandige mededeling diens doen.

Opm. Hierdie definiesie kom, behalwe in een opsig, ooreen met die van Delbrück: „Ein Satz ist eine mit sprachlichen Mitteln erfolgende Aeusserung, die dem Sprechenden und Hörenden als ein zusammenhängendes und abgeschlossenes Ganzes erscheint." Die toevoegsel 'kleinste' is egter — soos Noreen reeds aangetoon het [2]) — nodig om die volsinne af te baken van reekse volsinne wat same een gedagtegang vorm.

---

[1]) Vir ander definiesies sie b.v.: Wundt, *Die Sprache* II, blss. 229-51; Paul, *Prinzipien,* bls. 121; Idem, *Deu. Grammatik* III, bls. 10; Delbrück, *Grundlagen,* bls. 8; Noreen, *Einführung,* blss. 239-50; Sütterlin, *Deu. Sprache,* blss. 284-5; Van Ginneken, *Leuvensche Bijdragen* VII, bls. 304; Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 1; Van Wijk, *Ndl. Taal,* bls. 22.

[2]) *Einführung,* blss. 241-2.

Volsinne maak dus deel uit van die verklankte spraak. Mededelinge wat nie deur middel van klanke gedoen word nie, soos b.v. in die gebaretaal, kan dus in die Grammatika nie as sinvormend beskou word nie. In skriftelike mededelinge het ons weer afbeeldinge van volsinne, maar nie die volsinne self nie. As iemand in sy gedagte 'n gesprek voer, dan vorm hy in sy verbeelding volsinne wat op die moment geen werklike bestaan het nie; en as iemand alleen praat, dan kan hy klankreekse voortbring wat in alle opsigte op volsinne lyk maar dit tog nie is nie, omdat hulle hul doel mis.

Die volsinne word afgebaken van alle ander klankverbindinge deur die kenmerk, dat hulle die enigstes is deur middel waarvan selfstandige mededelinge gedoen word. Die selfstandigheid van die volsinne kan betwyfel word in sover as hulle tog in verhouding staan tot ander volsinne wat in dieselfde gedagtegang gebruik word, 'n verhouding wat dikwels ook met taalkundige middels aangedui word. Die term 'selfstandig' moet dus só opgevat word, dat dit in die bedoeling — natuurlik enkel onderbewus — van die spreker lê, dat hulle as selfstandige eenhede moet opgevat word. 'Selfstandig' staan dus in teenstelling met 'ondergeskik' of 'afhanklik'.

Die term 'mededeling' is in algemene sin bedoel. Dit behels by 'n verdere analiese b.v.: 'beweringe', waardeur oordeelvellinge of die resultaat van waarneminge of voorstellinge meegedeel word; 'vrae', waardeur meegedeel word dat 'n mens inligting verlang; 'bevele', waardeur meegedeel word dat 'n mens begeer dat iets sal gebeur; 'uitroepe', waardeur iemand aan 'n ander meedeel watter gevoelens by hom opgewek word. Maar dit alles hoort tot die beskrywing van die begrip Volsin, en is nie essensiëel vir die definiesie nie. Op dieselfde manier gee in ons beskrywing van die begrip 'woord' op bls. 17, die terme 'gewaarwording' en 'enkelvoudige begrip' meer as nodig is vir 'n definiesie. Daarvoor is dit voldoende om hierdie twee begrippe same te vat in die term 'enkelvoudige betekenisinhoud'.

'n Volsin dien dus om 'n selfstandige mededeling te doen; 'n woord het 'n selfstandige, enkelvoudige betekenisinhoud; woordgroepe het 'n selfstandige samegestelde betekenisinhoud. 'n Volsin kan dus ook bestaan uit 'n enkele woord of woordgroep.

392. 'n *Bysin* is 'n klankverbinding (een of meer woorde) met selfstandige betekenisinhoud wat die geleding van 'n volsin vertoon, hoewel dit nie dien om 'n selfstandige mededeling te doen nie, maar deel uitmaak van 'n volsin.

393. Tot afbakening van die begrip 'bysin' van die begrippe 'woord' en 'woordgroep' is dit dus nodig om die geleding van die volsin te beskrywe. Volsinne, en dus ook bysinne, kan naar hulle geleding verdeel word in twee groepe: eenledige en tweeledige.

394. 'n *Tweeledige volsin* dien om uitdrukking te gee aan die feit dat die verbinding van twee gedagte-elemente (uitgedruk deur woorde, woordgroepe of bysinne) onder die praat plaasvind of onmiddellik daarvoor plaasgevind het.

Opm. Met hierdie formulering wyk ons af van die sinsdefiniesie van Paul sowel as die van Wundt. Waar Wundt die 'sin' definiëer as „den sprachlichen Ausdruck für die willkürliche Gliederung einer Gesamtvorstellung in ihre in logische Beziehungen zu einander gesetzten Bestandteile", daar hou hy — soos Paul en Delbrück aangetoon het — nie rekening daarmee dat die geheel, veral by langer sinne, dikwels eers onder die praat tot stand kom nie, en gaan hy enkel uit van die spreker, terwyl die hoorder eers terwyl die sin uitgespreek word langsamerhand die verbinding kan maak, of anders gevaarloop om die spreker verkeerd te verstaan, wat ook dikwels gebeur. Daarenteen het Noreen tereg daarop gewys, [1]) dat die definiesie van Paul „der Satz ist der sprachliche Ausdruck, das Symbol dafür, dass sich die Verbindung mehrerer Vorstellungen oder Vorstellungsgruppen in der Seele des Sprechenden vollzogen hat, und das Mittel dazu, die nämliche Verbindung der nämlichen Vorstellungen in der Seele des Hörenden zu erzeugen", ook op woordgroepe soos „die bloeiende roos" toepaslik is. Tog sou alle gevalle ook nie gedek word as sy voorstel om „vollzieht" in plaas van „vollzogen hat" te lees, moes aangeneem word nie, want dit kom dikwels voor dat 'n mens 'n sin eers begin uitspreek nadat die verbinding reeds in die gees tot stand gekom het. Myns insiens bestaan die wesentlike kenmerk van die sinsverbinding (predikatiewe verbinding) hierin, dat dit in die *bedoeling* van die spreker lê om te kenne te gee dat die verbinding tot stand kom of net tot stand gekom het. 'n Mens kan sê: dis sy *wil* dat dit so opgevat sál word, as daarby in gedagte gehou word dat die wilsakte onderbewus of onbewus is. Daarenteen is die *bedoeling* van die spreker by 'n woordgroep om die verbinding voor te stel as iets wat reeds bestaan.

[1]) *Einführung*, blss. 247-8.

395. Die twee verklankte gedagte-elemente word *Subjek* en *Predikaat* genoem: as hulle uit woordgroepe bestaan kan die kern resp. *Subjekswoord* en *Predikaatswoord* genoem word. [1]) Die noodsaaklikheid om tussen Subjek en Predikaat te onderskei het aanleiding gegee tot heelwat diskussie en verwarring wat betref die terminologie sowel as die feitlike verhoudinge. [2]) Hier volg 'n opsomming van die uitkomste van dié diskussies, soos ek die toestand insien:

396. Om die wesentlike verhouding tussen die twee taalkundige eenhede te deurgrond moet ons steeds begin by die psigologiese verhoudinge. Dan is die psigologiese Subjek die element waarvan uitgegaan word, die grondslag waarop gebou word; en die toegevoegde element, die standbeeld wat opgerig word, die psigologiese Predikaat. Die Predikaat is dus steeds die nuwe en belangrike element. By die verklanking van hierdie psigiese proses blyk dat die Subjek dikwels eerste kom te staan, b.v.: *so veel hoofde* (Subj.), *so veel sinne* (Pred.); maar dit is glad nie altyd die geval nie. So is in die sin: *(die wind het die blaar geskep) en weg was dit,* die woorde 'was weg' die nuwe element en dus psigologiese Predikaat, hoewel dit eerste staan, en 'dit' die psigologiese Subjek omdat die beeld van die voorwerp wat dit aandui eerste in die gees aanwesig was. Die Subjek kan dus, hetsy helder of vaag, eerste in die gees aanwesig wees, maar laaste tot uiting kom; of, om die bekende vergelyking met 'n standbeeld te gebruik, die boumeester (spreker) kan direk van onder-af begin te bou, óf hy kan die plan van die hele struktuur in sy gees hê en dan van bo-af bou, sodat die standbeeld in die lug sweef tot dit vastigheid kry deurdat die voetstuk daaronder geskuiwe

---

[1]) Sütterlin, *Deu. Sprache*, bls. 300.

[2]) Vgl. o.a.: Noreen, *Einführung*, 319-331; Wundt, *Die Sprache* II, blss. 266-72; Paul, *Prinzipien*, §§ 87-8; Sütterlin, *Deu. Sprache*, §§ 305-7; Van Ginneken, *De Kataloog van een Taalmuseum*, (N. Taalg. V); Idem, *De Nieuwe Ndl. Spraakkunst en het Buitenland* (N. Taalg. VI); De Vries, *De Typen der Mededeeling*, §§ 52 vlgg.

word. As belangrikste element kry die Predikaat egter altyd die swaarste aksent. As uitgegaan word van die aksent as grammatiese kriterium val die psigologiese en grammatiese Subjek resp. Predikaat dus same, sodat dan ook op die grammatiese Subjek resp. Predikaat toepaslik is die definiesie van De Vries, wat anders alleen vir die psigologiese pas: Subjek is „wat gevoeld wordt als datgene waarvan rechtstreeks iets gezegd wordt"; Predikaat is „wat gevoeld wordt als datgene wat men van het Subj. zegt". Ooreenstemmend gee Noreen die „populêre" definiesie: „Subjekt ist das, *worüber* man spricht, Prädikat das, *was* man darüber spricht", wat hy gelykstel met die van Sigwart: „Subjekt ist dasjenige, wovon etwas ausgesagt wird, Prädikat dasjenige was ausgesagt wird".

397. As kenmerk van die psigologiese Predikaat het in vroeër tye egter ook 'n morfologiese kategorie ontwikkel, n.l. die *verbum finitum*. Dit moet sy oorsprong daaraan te danke hê, dat die nominale element baie dikwels dien tot aanduiding van 'n substansie of wat as sodanig opgevat word, en die werbale element tot aanduiding van die veranderinge wat dit ondergaan, die handelinge wat dit verrig, ens. Dog tereg wys Noreen [1]) in sy kritiek van Wundt se standpunt daarop, dat die inhoud van die Subjek nie noodwendig uit sigself meer onveranderlik is as die van die Predikaat nie, maar dat dit willekeurig so voorgestel word deur die spreker. Hoewel dit by uitnemendheid die funksie van die verbum finitum is om as predikaatswoord te dien, is dit egter nie altyd die nuwe of belangrike element nie. As daar b.v. reeds sprake was van 'n sekere bewering en ek sê: *jý het dit beweer*, dan is 'jy' die nuwe en belangrike element en dus die psigologiese Predikaat, terwyl 'het dit beweer' psigologiese Subjek is. Tog dien die verbum finitum as grondslag vir die skemas van woordorde wat gebruiklik is in die volsin. Vandaar dat dit die naam *Grammatiese*

[1]) *Einführung*, blss. 325-6.

Predikaat kry, en aan die nominale element waarmee die predikatiewe verbinding aangegaan word, die naam *Grammatiese Subjek* gegee word. In sinne met 'n verbum finitum moet dus onderskei word tussen grammatiese en psigologiese Subjek resp. Predikaat.

Opm. by §§ 395-7. Sommige skrywers gebruik ook nog die term *logiese Subjek* (resp. Predikaat) waarmee sommige dieselfde bedoel as ons onder psigologiese, en andere as ons onder grammatiese Subjek verstaan. Sütterlin [1]) gebruik die term om iets anders uit te druk n.l. „den natürlichen Träger der Verbalhandlung". So is volgens hom in: *Gebaut wurde die Brücke von Cäsar,* 'Cäsar' die logiese Subjek.

398. By onder- en neweskikkende verbinding word die groepe en reekse dus voorgestel as iets wat reeds bestaan en by predikatiewe verbinding word die sin gevorm met die doel om te kenne te gee, dat die verbinding tot stand gekom het of tot stand kom. Tweeslagtig is in hierdie opsig die geaardheid van die verbinding by *leunverhoudinge* (deur ons onder die groepeformasies behandel). Dáár kom die verbinding eers onder die praat tot stand, maar die sin word nie terwille daarvan gevorm nie. Deur die manier waarop dit tot stand kom het dit dus predikatiewe geaardheid, maar daar dit 'n terloopse gebeurtenis, dikwels 'n nagedagte is, word dit voorgestel as iets wat reeds bestaan, en het dit dus tewens die geaardheid van 'n onderskikkende verbinding.

Opm. My opvatting van die leunverhouding verskil nie veel van die van Noreen nie, [2]) hoewel hy daarvoor die naam "apposiesie" gebruik. Hy definiëer: „In der Apposition . . . . . stellt uns der Sprechende das gleichsam feierlich vor, was für ihn ein Adjunktionsverhältnis, d.h. das Ergebnis einer Prädikation ausmacht, was aber für den Angesprochenen vielleicht erst ein Prädikationsverhältnis, d.h. das Hinzutreten einer neuen interessanten Tatsache ist. Der Sprecher will nämlich augenblicklich gerade etwas Anderes, ihm Wichtigeres als die Apposition prädizieren".

---

[1]) *Deu. Sprache,* bls. 300.
[2]) *Einführung,* blss. 333—9.

399. 'n *Eenledige Volsin* dien veral om mee te deel, dat 'n toestand tot stand gekom het of bemerk is, of dat 'n verbinding van gedagte-elemente net plaasgevind het. Dat die verbinding eers onder die praat plaasvind, soos by 'n aarselend uitgesproke *nee*, kom minder voor. Tot die gebied van die eenledige sinne behoort dus in die eerste plek beskrywinge van gewaarwordinge en toestande, dikwels in uitroepvorm, b.v.: *lekker sonskyn!*; *eina!* (= 'ek kry seer', 'dit maak my seer', of iets dergeliks). Maar die eenledige volsin kan ook sy ontstaan daaraan te danke hê, dat 'n twede lid uit die situasie, insluitende toon en gebaar, duidelik genoeg is, en dus nie hoef uitgedruk te word nie. So b.v. in die sin: *Jan!*, wat alleen 'n nominale element bevat, daar die verdere bedoeling ('hou op met speel', 'kom hier', of iets dergeliks) reeds duidelik is; of in: *gaan weg!*, waar alleen die werbale gedeelte uitgedruk word, daar daar geen twyfel oor bestaan wie die toegesprokene is nie. In 'n dialoog is dit nie alleen die uiterlike situasie wat kort vorme moontlik maak nie, maar elke spreker is voortdurend in staat om voort te bou op die skema wat in die vorige sin gebruik is, as 'n gegewe wat aan almal bekend is. Vandaar dat die eenledige sinne wat op dié manier ontstaan 'n sodanige vorm aanneem, dat hulle die voorkome het van 'n deel van die voorgaande sin. Sulke sinne vorm dus 'n gedagte-subjek, -predikaat, -bepaling, -ens. van die vorige. Vgl.: *Wie het dit gesien? — Ek*; *Ons het op die berg geklim — Tot bo op?*; *Hy het dit geglo — Geglo?*; *Die uitvoering van die stuk was volmaak — Volmaak!* In sulke dialoge kan die eenledige sin ook 'n modale bepaling wees by die hele voorgaande sin: *Sal hy kom? — Ja, nee, miskien.*

400. Soos die woordreekse en woordgroepe in onder- en neweskikkende verbindinge kan samegroei tot enger eenhede waaraan die naam samestelling gegee word, so kan ook hy die predikatiewe verhouding die verbinding so eng wees, dat dit as 'n samestelling — deur W. de Vries [1]) *symphyes*

[1]) *Typen der Mededeeling*, bls. 23.

genoem — en dus as 'n enkele eenheid kan beskou word. So het ons twee eenhede in: *die man loop*, of: *hý loop;* maar in tussensinnetjes soos: *glo ek, dink ek* (= waarskynlik), *sê jy*, het ons maar een eenheid wat ooreenkom met die enkele eenheid wat in Latyn en ander tale uitgedruk word deur werbaalvorme sonder Pronomen *(amo, amas, amat).*

Hoe die hele betekenis in sulke gevalle in die Werkwoord gekonsentreer is, word goed daardeur geïllustreer dat die modale Bywd. *glo* ontstaan het uit die sin: *glo ek* (Vgl. ook Mhd. *waen*) en die vraagwoord *hoekom* uit: *hoe kom dit?* So word b.v. ook geen Pronomen gebruik in 'n sin soos die volgende nie: *[Ek het dit jou tog al vertel.] Nie waar nie?* (Vgl. Utrechts: *waar?*) Omgekeerd kan die Pronomen ook gebruik word as louter psigologies-grammatiese vorm sonder dat dit dien om iets bepaalds aan te wys. Vgl.: *Dit donder* (= daar is donder).

HOOFSTUK II.

Die Volsin.

401. Behalwe die besondere betekenis wat afhang van die gebruikte woorde, behoort tot die betekenisinhoud van die volsinne ook nog die algemene betekenis (Duits: Grundstimmung) wat veral uitgedruk word deur musikale middele (toonshoogte, luidheid, ritme, tempo). Daaronder speel die toonshoogte 'n oorwegende rol. Die woordvorme en skemas van woordorde help egter dikwels mee om die algemene betekenis weer te gee. Die musikale elemente vorm gesamentlik 'n ingewikkelde kompleks en wissel in besonderhede nie alleen van taal tot taal nie, maar ook van dialek tot dialek en van persoon tot persoon, en by dieselfde persoon naar die gemoedstemming waarin hy verkeer. Grondig kan dit alleen bestudeer word met meganiese hulpmiddele. Tog is die resultate van die ondersoek van Wundt, [1]) Blümel, [2]) Sweet, [3]) Van Alphen [4]) e.a. as algemene rigsnoer ook geldig vir Afrikaans.

402. Deur die gekompliseerdheid van die formele kenmerke is dit eenvoudigste om vir die indeling uit te gaan van die algemene betekenis. Na 'n bespreking van die grammatiese kenmerke van Subjek en Predikaat by tweeledige sinne gee ons 'n oorsig van die musikale middele, om ten slotte die woordorde en de een- of tweeledigheid van die verskillende soorte sinne te bespreek.

403. Naar die algemene betekenis kan ons vier soorte volsinne onderskei:

---

[1]) *Die Sprache* II, blss. 417-36.
[2]) *Einführing*, §§ 746-814.
[3]) *A New English Grammar*, §§ 1881-1952.
[4]) *De Vraagzin*, (N. Taalg. VIII).

I. Bewerende (verhalende) volsinne, weergewende waarneminge, voorstellinge of oordeelvellinge.

II. Bevelende (wensende) volsinne bevattende bevele, wense, raadgewinge, oproepe, ens.

III. Vraende Volsinne. Die vraagsinne kan beskou word as 'n onderdeel van die wensende sinne, daar hulle die wens uitdruk om inligting oor iets te kry; maar, daar hulle deur die stygende betoning formeel anders gekenmerk is, gee ons die voorkeur daaraan om dit as 'n afsonderlike groep te beskou.

IV. Uitroepende volsinne, waarin die weergee van 'n gemoedstemming die voornaamste rol speel.

Formele kenmerke van die Predikatiewe Verbinding.

404. By tweeledige sinne word die predikatiewe verhouding veral deur drie kenmerke aangedui: A. deur ooreenkoms in die woordorde van Subj. en Pred.; B. deur die gebruik van bepaalde woordvorme; C. deur die gebruik van bepaalde woorde.

405. A. (1) Die ooreenkomstige woordorde kan bestaan uit die parallelle bou van die twee sinsdele, soos veral die geval is in spreekwoorde. Vgl.:

Hoe meer siele, hoe meer vreugde.
Saands rood, smôrens water in die sloot.
Alkant selfkant.
Goedkoop, duurkoop.
Stille waters, diepe gronde.
Hoe geleerder, hoe verkeerder.
So gemaak en so gelaat staan.
Hoe kaler jakhals, hoe groter stert.
Eers die koutjie en dan die vroutjie.
Gou by die bak, stadig by die werk.
Kleine muisies, grote ore.
Uit die oog, uit die hart.
Die een oor in, die ander oor uit.
Ver van jou goed, naby jou skade.

406. (2) Seldsaam is gevalle waar die een lid die omgekeerde volgorde van die ander het (giasme):
In voorspoed groot, klein in die nood.

407. B. Die gewoonste verbindingstiepe is dat die Subjekswoord 'n nomen (Subst., Pron., Inf., Telwd., Adj.) is en die grammatiese Predikaat 'n verbum finitum as kern bevat. Vgl.: *Die man loop; hy loop; om te loop is plesierig; driemaal is skeepsreg; lekker is 'n vinger lank.*

408. Die naam grammatiese Predikaat word uitsluitend gebruik vir die verbum finitum maar alle woordsoorte kan psigologiese Predikaat wees. Vgl.: *'n Man 'n woord; alles klaar; wie daar?* ens.

409. (1) In verskeie tale word die grammatiese Subjek gekenmerk deur 'n afsonderlike vorm, die Nominatief. In Afrikaans het (soos b.v. ook in Engels en gesproke Nederlands) hierdie kenmerk so goed as geheel verdwyn. Die gr. Subjek het nog maar net eie vorme by 'n paar persoonlike Voornaamwoorde: *ek, jy, (gy), hy, sy.*

> *Opm.* Die vorm *de* van die Bepaalde Lidwoord wat in die middeleeue by enkelvoudige manlike Substantiewe as kenmerk van die gr. Subjek gedien het (dus as Nominatief, teenoor *den* as Akkusatief) kan in gesproke Nederlands ook nie meer daarvoor geld nie, daar *den* in Algemeen Beskaaf nie meer voorkom nie en in verskeie dialekte ook by die gr. Subjek gebruik word. Vgl. § 79.

410. (2) Die verbum finitum, d.i. die verbindende of prediserende vorm van die Ww., onderskei hom in Afrikaans morfologies geheel negatief van ander werbaalvorme. Partisiepia is gemaklik te herken deurdat hulle met bepaalde pre- en suffikse gevorm word, met in geïsoleerde gevalle ook ablautsverskynsels. Die Infinitief tree egter in dieselfde grondvorm of stam op as die verbum finitum, maar het as kenteken dat dit óf vergesel word van bepaalde Voorsetsels *(om, te, om te, met, aan)* óf met 'n Hulpwerkwoord samegroei tot 'n nuwe eenheid. In bevelende sinne kan die

woordorde soms dien om die verbum finitum van die Infinitief te onderskei. Vgl. § 492, Opm.

411. In nominale funksie kan die Infinitief boondien vergesel word van 'n Lidwoord. Tog bly daar gevalle oor waar die Infinitief as grammatiese Subjek of Predikaat — en ook ander Substantiewe wat van Werkwoorde afgelei is — in vorm nie verskil van die verbum finitum nie (Vgl. § 379). Dan dui die eie betekenis van die woorde of die woordorde die aard van die verbinding aan.

Opm. by §§ 410-11. Dis nie sonder opset dat ek die Latynse naam 'verbum finitum' gebruik nie. In 'n „Afrikaanse Grammatika" deur M. C. Botha en J. F. Burger waarin ander werke, in die sintaktiese gedeelte die „Nederlandsche Spraakkunst" van Den Hertog, veelal op onoordeelkundige manier nageskrywe word, word b.v. reëlmatig gepraat van die „persoonsvorm" van die Ww., en dit terwyl dit juis 'n kenmerk van Afrikaans is, dat die werbale fleksie geen persoonsvorme aanwys nie. Dis beter om Latynse terme te gebruik as verkeerde Hollandse.

412. *Geskiedkundig.* Dat die persoonsuitgange van die Werkwoord in Afrikaans verlore gegaan het, bring mee dat in Afrikaans nie meer — soos in die taal waaruit dit afstam — kongruensie tussen die gebruikte woordvorme van grammatiese Subjek en Predikaat bestaan nie. Die geskiedenis van hierdie ontwikkeling beteken dus die geskiedenis van die verloregaan van 'n sintaktiese middel, al is dit ook 'n vrywel oorbodige middel in tale met sulke vaste skemas van woordorde soos Nederlands. Dis veral om hierdie verskynsel en die verlies van die Imperfektum te verklaar, dat Prof. Hesseling sy Maleis-Portugese teorie oor die ontstaan van Afrikaans ontwerp het. [1]) Dié teorie het nie alleen voorstanders gekry nie, maar ook heelwat teenstanders, wat in sommige gevalle met eie teorieë voor die dag gekom het. [2]) Met verwysing naar § 79 wil ek hier herhaal, dat daar naar my mening nie voldoende historiese gronde aangevoer is om 'n sterk

[1]) *Het Afrikaansch,* blss. 140-8.

[2]) Vir 'n oorsig sie Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans.*

oorwig aan een bepaalde taal toe te ken nie, maar dat die defleksie wat Nederlands in Suid-Afrika ondergaan het in die algemeen moet bevorder geword het deur al die groepe vreemdelinge wat Nederlands daar aangeleer het. Maar soos by die adjektiewiese fleksie, was ook by die werbale die aanleiding tot 'n nuwe groepering reeds aanwesig deur die vermenging van Nederlandse en Nederduitse dialekte wat daar plaasgevind het. Hier volg enkele feite om dit aan te toon.

Behalwe waar dit dien om 'n hiaat te vermy, was die slot *-n* van die meervoud reeds in die sewentiende eeu uit die in Nederland toongewende dialekte van Holland en Seeland vedwyn, en word dit ook hedendaags in die Algemeen Beskaaf nie gehoor nie, hoewel dit nog geskrywe word. Die verandering wat Afrikaans ten opsigte van Nederlands ondergaan het, bestaan dus veral daarin dat die onbetoonde ə van die meervoud en die *-t* van die twede en derde persoon Enkvd., en in sommige gevalle van die twede persoon Mvd., as persoonsuitgange verdwyn het. Die *-e* kan egter in Afrikaans nog gebruik word as deel van die stam by Werkwoorde waarin die infinitiefsuitgang oorspronklik voorafgegaan was deur die stemhebbende konsonante: *d, g, v* en by 'n paar ander Ww., en die *-t* kom nog voor by 'n paar Ww. wat in dié vorm verstar is. [1]) Dis opmerklik dat die verlies van slot *-e* en *-t* verskynsels is wat ooreenkom met die algemene ontwikkelingsgang van die germaanse tale. Ons hoef vir die eerste verskynsel alleen maar te herinner aan die groot aantal Subste wat vroeër op *-e* uitgegaan het en dit vir 'n deel nog doen in Ndl. dialekte, veral die Suid-Nederlandse, maar die *-e* verloor het in Algemeen Beskaafde Nederlands; en aan die grote verskeidenheid wat Duitse dialekte in hierdie opsig vertoon. Vir werbaalvorme kan daarop gewys word, dat ook in Ndl. die *-e* van die eerste persoon, Enkvd., Indikatief, verdwyn

[1]) Vgl. *Handleiding*, blss. 48-9.

het en dat die *-e* klank in Engels ook in die Meervoud nie meer gehoor word nie: *we give*. En wat betref die twede verskynsel, is dit bekend dat 'n groot aantal Nederlandse dialekte in afwyking van Algemeen Beskaaf geen *-t* laat hoor na skerp konsonante nie. En ook in Ww. waarvan die stam op *-t* uitgaan is daar geen verskil tussen eerste en derde persoon nie: *ik zit*; *hij zit*.

Tog lyk dit of die gebruik van die *-ə* as persoonsuitgang van die Ww., in Nederlands in stand gehou word deur die sintaktiese differensiëring wat daardeur kan uitgedruk word; en in die vervoeging van die Afrikaanse Ww. het die verlies van die slot *-t* nie beperk gebly tot die posiesie na skerp konsonante nie. Daarom is dit nodig om die aanleidende oorsake tot verandering binnen die Ww. self na te gaan. Dan moet opgemerk word dat hy uitdrukkinge soos: *een troep mensen*, die Ww. ook in Ndl. in die Enkvd. óf Mvd. gebruik kan word. By alleenstaande kollektiewe en by Substantiewe wat met *en* verbind is, word teenswoordig gewoonlik die Enkvd. resp. Meervd. gebruik; maar in vroeër periodes van Nederlands kon albei getalle gebruik word en ook by woorde soos: *men, selc, elc*, kon die Ww. vroeër in die Mvd. staan. [1]) Maar nog meer, as die skriftelike bronne 'n goeie beeld van die gesproke taal gee, dan word die kongruensie in getal tussen grammatiese Subj. en Pred. lank nie altyd getrou in ag geneem deur die volkstaal nie. [2]) En in Nederlandse dialekte kom nie alleen derde-persoonsvorme sonder *-t* voor nie, maar ook eerste-persoonsvorme met *-t*. [3])

Tot die dialekte wat in Suid-Afrika en op die Oost-Indiëvaarders meegehelp het tot die vorming van Afrikaans, hoort ook die Platduitse groep. By hierdie groep vind ons nog interessanter feite. Nie alleen heers daar in die Middeleeue by kollektiewe en by woordreekse dieselfde vryheid

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, §§ 200-3; Van der Veen, *Taaleigen*, §§ 23-5.
[2]) Vgl. Van der Veen, *Taaleigen*, § 23; en vir die seemanstaal: Bosman, *Ontstaan van Afr.*, blss. 106-7.
[3]) Vir 'n opsomming van sulke gevalle sie Bosman, *Afr. en Mal.-Port*, bls. 103.

wat betref die kongruensie as in Middelnederlands nie,[1]) maar ook die fleksie van die Ww. self was besig om 'n belangrike ewolusie te ondergaan, wat later daarop uitloop dat sommige dialekte die vorm op *-en* vir alle Persone van die meervoud gebruik, en andere, t.w. die wat naaste aan die Nederland geleë is, alleen vorme wat teruggaan op *-et* (Ouksadsies *-ad)* in die meervoud ken, waarvan die *-e* dan gewoonlik verdwyn.[2]) Maar, soos in die Nederlandse dialekte, kan die *-t* wat oorbly, om fonetiese redene ten slotte ook verlore gaan. Ons kry dus hierdie toestand, dat in Platduitse dialekte die vorme van die Mvd. en die van die Enkvd. albei op *-t* kan uitgaan en dus ooreenkom met die derde-persoonsuitgang van die Enkvd. in Algemeen Nederlands, en dat van albei die *-t* kan wegval en dus ooreenkom met die Afrikaanse vorm. Om dit met een voorbeeld te illustreer, die derde persoon Enkvd. van die Ww. 'gryp' kan in Platduits wees: *chreipet, chrip, grip* of *gript*; die derde persoon Meervoud: *chreipet, chrīpt, grīp* of *grīpm.*[3]) Die Afrikaanse vorm kom direk ooreen met die vorme sonder uitgang en kan vir Meervoud sowel as Enkelvoud ook verkry word deur die *-t* in ander gevalle weg te laat. Maar genoeg om te laat sien, hoe die dialekmenging sowel as die taalmenging die nuwe groepering in Afrikaans in die hand gewerk het.

413. (3) Soos die Ww. tree ook die geprediseerde Adjektief as reël in die grondvorm op, b.v.: *Die man is goed; die vrou is siek; die dier is wild; die vate is leeg.* (Vgl. §§ 315; 318; 324). Kongruensie van die predikatief gebruikte Adjektief met die Subjekswoord bestaan dus nie. Die vorm van die predikatiewe Adjektief val ook same met die van die agtergeplaaste Adjektief. By sommige Adje kom egter formele verskille te voorskyn, al naardat hulle predikatief gebruik word, of attributief met voorplaatsing. Vgl. §§ 68-76; 80-82.

---

[1]) Nissen, *Forsøg til en Middelnedertysk Syntax,* § § 25—8.
[2]) Lasch, *Mnd. Grammatik,* blss. 226—7.
[3]) Vgl. Grimme, *Plattdeutsche Mundarten,* § § 170—6.

Ook word by Verlede Deelwoorde in predikatiewe gebruik tot op sekere hoogte gedifferensiëer al naardat die samestelling met die Predikaatswoord losser of enger is. Vgl. § 324.

414. *Geskiedkundig.* In Mnl. kon die predikatief gebruikte Adjektief sowel verboë as onverboë voorkom. [1]) In sewentiende-eeuse Nederlands was reeds die stand bereik waarop Afrikaans teenswoordig staan. [2])

415. (4) Die geprediseerde Substantief kongrueer as reël in getal met die Subjekswoord as dit een of meer lewende wesens aandui, b.v.: *Ek was nog 'n seun,* maar: *ons was nog seuns.* In enkele uitdrukkinge soos: *hulle is die baas,* bly die kongruensie egter agterweë. Versamelwoorde kom natuurlik nie in die Meervoud voor nie: *die Boere is 'n dapper nasie.* Ook vir sinne met die Subjekswoord *dit,* soos: *dis helde* (sie benede) geld die reël nie.

> *Opm.* Kongruensie hoef dus ook nie voor te kom as die Subjekswoord geen lewende wese aandui nie, maar die Substantief van die Predikaat wel, b.v.: *Maar ons natuurtonele is die moeder wat ons gedagtes in woord help klee het* (E. Skrywers, bls. 80).

416. As die Subjekswoord een of meer lewende wesens aandui kan die Substantief van die Predikaat daarmee in geslag kongrueer, as dit 'n afsonderlike vorm het vir Manlik en Vroulik, b.v.: *Hy is haar slaaf,* maar: *sy word behandel as slavin.* Hierdie kongruensie is egter lank nie altyd nodig nie. Die ongegeneerde omgangstaal gee dikwels die voorkeur daaraan om die Substantief in die Manlike vorm te gebruik, ook as daar sprake is van vroulike wesens. Vgl.: *Sy het ekskuus gemaak, dat sy geen publieke spreker is nie* (Boervrouw, bls. 111). Waar die vroulike geslag deur middel van 'n afsonderlike woord uitgedruk word, is die behoefte aan kongruensie egter sterker: *Sy was die niggie van die koning.* Sinne met die Subjekswoord *dit* kom, ook wat die geslag betref nie in aanmerking vir kongruensie nie.

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis,* § 133.

[2]) Van der Veen, *Taaleigen,* § 32.

C. (1) *Sinne met die Subjekswoord 'dit'.* [1])

417. Die Neutrum, derde Persoon Enkelvoud, van die Persoonlike Voornaamwoord lui in Afrikaans *dit.* Oorspronklik was hierdie woordjie 'n Aanwysende Vnwd. (aussendeiktisch) maar in Afrikaans het sy betekenis verswak en het dit die Persoonlike Vnwd. *het* verdring. Sy vroeëre plek is ingeneem deur *hierdie (een),* in teenstelling waarmee *daardie (een)* staan as opvolger van die verlore gegane *dat. Hy* en *sy* word in hoofsaak gebruik om lewende wesens aan te dui, en in teenstelling daarmee kan *dit* aanduier wees van alles wat lewensloos en enkelvoudig is. Ook kan *dit* gebruik word van 'n versameling lewenslose dinge wat nie as afsonderlik bestaande gevoel word nie, soos in: *dit* [n.l. die appels] *bring baie geld op.* [2])

418. Hierdie Voornaamwoord *dit* gaan as Subjekswoord dieselfde verbindinge met Werkwoorde aan as ander Persoonlike Vnwde, maar daarnaas word dit gebruik in s.g. Onpersoonlike konstruksies, waar dit in besondere sin as Subjekswoord dien. Om hierdie gebruik te verstaan is dit nodig om eers 'n uiteensetting te gee van die konstruksies met die s.g. Situasie-*dit.*

419. (a) Die Vnwd. *dit* kan gebruik word om iets aan te wys wat nog nie van te vore genoem is nie maar as bekend veronderstel word en dus dikwels maar vaag in die gees aanwesig is, soos in: *dit brand goed* (n.l. die vuur wat ons by sit). Ook kopulatiewe Ww. word gebruik om op hierdie manier iets te prediseer van die nog vaag gevoelde inhoud van *dit.* Dan ontstaan sinne, soos: *dis 'n muis* (n.l. wat die geritsel veroorsaak het); *dit lyk 'n miershoop* (n.l.

[1]) Brugmann, *Der Ursprung des Scheinsubjekts 'es' in den germanischen und den romanischen Sprachen;* Wilmanns, *Deu. Grammatik* III, §§ 218-20; Paul, *Prinzipien,* § 91; Sütterlin, *Deu. Sprache,* § 310; Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 35-36; De Vries, *Usurpaties* (Tijdschrift XXIX); Idem, *Typen der Mededeeling,* §§ 32-35; Den Hertog, *Ndl. Spraakk.* I, § 12; Simons, *Bij de zwakke plek van een Technikus* (N. Taalg. XIV).

[2]) Vir 'n uitvoeriger uiteensetting van die gebruik van die Pers. Vnwde sie *Handleiding,* blss. 43-44.

wat jy daar sien). Deur die vaagheid van die aanvanklike voorstelling kan *dit* in konstruksies van die laaste tiepe selfs met manlike, vroulike en meervoudige begrippe verbind word, soos in: *dis 'n vrou; dis 'n spioen; dis muise,* of — waar die aanvanklik onduidelike voorstelling laaste tot uiting kom — in: *muise is dit.*

420. (b) Die aanvanklik vae betekenisinhoud van *dit* kan agterna opgehelder word (die *gebonde* gebruik van *dit).* Vgl.: *Al wou dit baiemaal bo by die keel uit, die verbittering en hartseer* (Vergeet Nie, bls. 147). Die latere opheldering kan ook 'n bysin wees, soos in: *dis waar wat jy sê;* (met Konjunksie:) *dit lyk of hy sal kom,* of 'n Infinitief, soos in: *dis aaklig om dit aan te sien.* In sulke sinne staan *dit* sintakties oorspronklik gelyk met manlike en vroulike Persoonlike Vnwd^{e} wat gebruik word as voorlopige Subjek wat later opgehelder word. soos in:

Hy sal gou kom, jou baas.

Sy het baie verdriet gehad, die edele vrou.

Jaag-jaag skiet hulle nog, die deurbarstende burgers (Vergeet Nie, bls. 140).

421. As besondere geval verdien vermelding die verbindinge: *dit* + Ww. *wees* + *te* + Inf., b.v.: *dis te begryp, dat....; dis aan te beveel, dat.....* waar 'is te begryp', 'is aan te beveel' beteken, *'n mens moet (kan) dit begryp, aanbeveel.*

422. *Geskiedkundig.* Hierdie laaste konstruksie is reeds oud en kom al veelvuldig voor in Oudhoogduits. Die gebruik van die Infinitief kom hier ooreen met die van die Gerundium in Latyn [1])

Onpersoonlike Konstruksies.

423. Uit die beskrewe verbindinge met die situasie-*dit* het die onpersoonlike konstruksies met *dit* as Subjekswoord ontstaan. In Afrikaans kan ons die volgende tiepes onderskei:

424. (a) Die Subjekswoord is *dit* en die saak waaroor gepraat word (logiese Subjek) word uitgedruk as 'n prepo-

[1]) Wilmanns, *Deu. Grammatik,* § 385.

sisionele bepaling by die Werkwoord, b.v.: *dit ontbreek hom aan moed; dit krioel van mense; dit wemel van ongedierte; dit verveel my hier by die geraas; dit stroom van bloed.*

425. Sommige van hierdie Ww. kan ook sonder nadere bepaling gebruik word: *dit krioel, dit wemel.* Die betekenis is dan nou verwant aan die van Werkwoorde wat 'n natuurverskynsel beskrywe. Hierby sluit aan konstruksies soos: *dit rook hier, dit stink daar,* waar die Ww. deur 'n Adwerbium bepaal word. As uitdrukkinge soos: *dit ontbreek, dit spyt my, dit verheug my* sonder bepaling van die Ww. gebruik word, dan is *dit* egter aanduier van iets bepaalds.

426. Naas die onpersoonlike Konstruksies word by hierdie Ww. ook persoonlike konstruksies gebruik: *die moed ontbreek hom; die ongedierte wemel; die mense krioel; die geraas verveel my.*

427. *Geskiedkundig.* Hierdie onpersoonlike Konstruksies het ontstaan uit konstruksies met gebonde *dit,* waarin die betekenis van hierdie woord in so 'n mate verbleek was, dat dit nie meer gevoel geword het as voorlopige aanduier van die Subjek nie. So kon uit sinne soos: *dit ontbreek hom, die moed* en *dit verveel my, die geraas* ontstaan: *dit ontbreek hom aan moed; dit verveel my by die geraas.*

428. (b) Die Predikaatswoord wat met *dit* verbonde is, beskrywe 'n natuurverskynsel en kan bestaan uit 'n s.g. onpersoonlike Ww.: *dit reent; dit donder; dit hael; dit kapok,* of 'n kopulatiewe Ww. bevat: *dis reenagtig; dit word dag; dit bly donker.*

429. In digterlike taal word ook hierdie Ww. partykeer persoonlik gebruik: *die wolk reent; sy oog blits,* maar dit moet beskou word as beeldspraak. Op dieselfde manier word reeds in Sanskrit, Grieks en Latyn gepraat van 'gode' wat reent (d.i. laat reent), maar nêrens is die persoonlike konstruksie primêr nie.

430. *Geskiedkundig.* Die Onpersoonlike Ww. is in Oudgermaans sonder Subjekswoord gebruik. Die aanwending van *dit* het moontlik geword, deurdat die betekenisinhoud daarvan

by gebonde gebruik en die onpersoonlike konstruksies wat daaruit ontstaan was, soseer verbleek het dat dit nie meer gevoel is as aanduier van iets bepaalds buite die gees van die spreker self nie. As 'dit krioel (van mense)' objektief niks meer uitdruk as 'krioel (van mense)' nie, dan hoef 'dit reent' mos ook nie 'n ander objektiewe betekenis te hê as 'reent' nie. Toe konstruksies soos 'dit reent' ontstaan het, had die ontwikkeling van die taal dus 'n stadium bereik, dat die gebruik van die woorde waarmee die teenswoordige *dit* ooreenkom alleen deur hulle psigiese waarde bepaal is.

431. (c) Die onpersoonlike gebruik van *dit* is ook moontlik by Ww. wat 'n gewaarwording uitdruk. Die Ww. waarby hierdie konstruksie moontlik is in Afrikaans, is gering in getal. By sulke Ww. kan 'n mens die liggaamsdeel wat deur die veranderde toestand getref word, as 'n preposisionele bepaling uitdruk. Vbb.: *dit jeuk (op my kop); dit kriewel (agter my rug); dit byt (in my vingers).*

432. In die persoonlike konstruksies wat hiernaas staan, word die naam van die getroffe liggaamsdeel as grammatiese Subjek gebruik: *my kop jeuk; my rug kriewel; my vingers byt.*

433. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *dit* by hierdie Ww. het sy ontstaan te danke aan dieselfde oorsake as by die Ww. wat 'n natuurverskynsel uitdruk waar dit waarskynlik eerder binnegedring was. 'n Groot aantal Ww. wat, verbonde met 'n casus obliquus van 'n Persoonlike Vnwd. of 'n ander aanduiding van persone, oorspronklik onpersoonlik gebruik is *(mi dromet, mi dinckt,* ens.) word teenswoordig in Afrikaans, en die meeste daarvan ook in Nederlands, uitsluitend persoonlik gebruik.[1]) Ander sulke Ww. is vervang deur persoonlike uitdrukkinge bestaande uit 'n werbale en 'n nominale element, b.v. Mnl. *mi jamert, mi scaemt* = Afr. *ek het (is) jammer, skaam.* So word vir Afrikaans: *ek het* (of *is) honger, dors* nog in die State-Bybel gebruik: *my hongert, dorst,* waarnaas egter ook voorkom: *Zij die hongeren en dorsten.* (Vgl. Opm. by §§ 319-21). Baie van

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* bls. 177; Van Helten, *Vondel's Taal,* § 167.

hierdie Ww. is in Nederlands in onpersoonlike konstruksies altyd sonder pronominale Subjek gebruik en ander kon *het* onder seker voorwaardes ontbeer. In Afrikaans is die gebruik van *dit* verplig by die Ww. van hierdie groep wat nog onpersoonlik voorkom.

(2) *Sinne met 'daar' as formele Subjekswoord.*

434. Soos *dit* kan ook *daar* as Subjekswoord gebruik word. Dit kom voor in die volgende gevalle:

435. (a) As gebonde Subjekswoord in aktiewe en passiewe konstruksies, b.v.: *daar kom iemand aan; daar word 'n huis gebou; daar word beweer dat hy bang geword het; daar word aan die hand gegee om 'n nuwe poging te waag.*

436. As 'n bepaling voorafgaan aan die passiewe Ww. word *daar* dikwels nie gebruik nie. Vgl.: *Om die toestand te verstaan, moet onthou word dat....; om die saak aanneemlik te maak, is (daar) beweer dat....*

437. (b) As vrye Subjekswoord in passiewe konstruksies: *daar word gewerk.*

438. In deftige taal kan sulke passiewe konstruksies ook ingelei word deur 'sulks', 'aldus' of 'so' sonder *daar.* Die funksie van hierdie woorde nader dan tot die van Subjekswoorde.

439. In passiewe konstruksies met die vrye sowel as die gebonde *daar,* kan die draer van die werbaalhandeling uitgedruk word deur middel van 'n preposisionele bepaling ingelei met die woord *deur,* b.v.: *daar word 'n huis gebou deur hom; daar word gewerk deur hom.*

440. (c) As Subjekswoord by kopulatiewe Ww.: *daar was 'n keer 'n koning.* Hierdie konstruksie is nie moontlik as die voltooiing van die Ww. 'n Adjektief is nie. Dus: *dit* (nie *daar* nie) *is waar, wat jy sê.*

441. *Geskiedkundig.* Die gebruik van *daar* in hierdie konstruksies het ontwikkel uit die gebruik as lokale Bywoord en die lokale betekenis word ook nog dikwels gevoel. As dit gebeur kry *daar* 'n sterker aksent.

In die gebonde konstruksies waarin die eintlike Subjek 'n Substantief(groep) of 'n bysin met Substantiewiese funksie is,

het *daar* in die plek gekom van 'n ouer *het*, die s.g. *sintaktiese* 'het'. In Mnl. was sinne soos: *hets gheboren een prophete; het laghen doe so vele lieden vor Middelborch*, baie gebruiklik,[1]) en die konstruksie kom by Noordnederlandse skrywers tot in die sewentiende eeu voor en lewe vandag nog in Suidnederlandse dialekte. In Afrikaans word konstruksies met gebonde *dit* nie as onpers. gevoel nie (Vgl. § 420). Dis op te merk dat in die onpers. konstruksies met *daar* die eintlike Subjek die gewone posiesie van 'n Objek inneem, tensy dit 'n Infinitief of bysin is.

442. Watter rol speel *dit* en *daar* in onpersoonlike konstruksies by die opbou van die sin? In die eerste plek is dit hulpmiddels om tweeledigheid aan die sinsvorm te gee en dit dus moontlik te maak om ook by Werkwoorde wat onpersoonlik of passief gebruik word in woordorde te onderskei tussen Bewerende en Vraende sinne. Vgl.: *dit reent, daar word gedans*, met *reent dit?; word daar gedans?* Ook ritmies het ons taalgevoel 'n teensin teen bewerende sinne wat met 'n verbum finitum begin. *Dit* en *daar* dien dus om die posiesie van die Ww. aan die begin van die sin te dek.

443. Het hierdie woorde ook nog 'n betekenisinhoud? Hierop word verskillend geantwoord. Deur sommige word hulle beskou as sonder inhoud, as 'n lose onderwerp, as 'Scheinsubjekt', omdat hulle niks toevoeg aan die betekenis van die Ww. nie; en aan die ander kant staan die mening dat altans die woord *dit* soms kan slaan op iets wat vaag gevoel word as bestaande. In 'dit reent' sou 'dit' b.v. slaan op 'die weer' of anders op „den substantievisch te denken inhoud van het volgende praedicaat", [2]) dus op 'die reen'. Om bewyse by te bring vir hierdie mening word gewys op sinne, soos: *dis reenagtig*, waar 'reenagtig' van iets bepaalds

---

[1]) Stoett, *Mnl. Syntaxis*, § 35.

[2]) De Vries, *Typen der Mededeeling*, bls. 49.

sou geprediseer wees; en soos: *ek sien dit daar agter die bossie reent,* waar ander woorde tussen 'dit' en 'reent' staan; maar veral daarop dat in Nederlands en Duits b.v. nie alleen gesê word: *het regent, es regnet* nie, maar ook: *dat regent (al maar door), das regnet.* (In Afrikaans bestaan geen Aanw. Vnwd. *dat* nie, en *daardie* kan nie in sulke sinne gebruik word nie. In sinne soos: *dit reent daar; kyk hoe dit daar reent* is 'daar' 'n suiwer plaasbepalende woord). As ons natuurlik praat word die inhoud van die Predikaat (dus b.v. die reen) in sulke sinne egter nie gevoel as Subjek nie, en waar *dit* werklik op iets anders wys (soos: *die wolke, die lug,* ens.) het ons nie meer onpersoonlike konstruksies nie, sodat dié geval nie hier hoef bespreek te word nie.

444. Die werklike funksie van *dit* en *daar* in onpersoonlike konstruksies kan alleen begryp word deur die saak van die psigologiese kant te benader, wat dan ook gedoen is deur Ph. J. Simons. [1])

Hy gaat uit van „een soort onzintuiglik onderwerpsgevoel .... dat by 't argeloze spreken slechts in zeer geringe mate tot bewustheid komt, in allergeringste mate in het impersonale *het.*" As die onderwerpsgevoel sterker word, dan word die Subjekswoord 'het' in Ndl. tot 'dat'. In: *dat regent maar aan een stuk door,* dui 'dat' dus „begin van klem" aan. 'Dat' word dus nie gebruik om sy deiktiese krag nie, maar deur die toename van subjektiwiteit. Hierop voortbouende, sien ek in die ontstaan en ontwikkeling van onpersoonlike konstruksies met *dit* en *daar* net die omgekeerde proses van wat gebeur by samestelling. By samestelling word twee begrippe, en gevolglik die woorde waardeur hulle uitgedruk word, samegevoeg om 'n nuwe eenheid te vorm. Die neiging bestaan dan om deur enger samegroei volkome eenledigheid te laat ontstaan. Daarenteen het hierdie onpersoonlike konstruksies oorspronklik eenledig gewees, maar 'n sterker ontwikkelde behoefte aan tweeledigheid in sinne

[1]) *Bij de zwakke plek van een Technikus* (N. Taalg. XIV).

met 'n verbum finitum het ook hier formele tweeledigheid laat ontstaan. Die betekenisinhoud is egter onbestaanbaar met tweeledigheid, omdat die Subjekswoord niks toevoeg aan die betekenis van die Predikaat nie — ook nie as 'dit' in *dit reent* moet slaan op 'die reen', d.i. die inhoud van die Predikaat, nie. Die ontstaan van sulke onlogiese — volgens die gemelde opvatting, toutologiese — konstruksies, was moontlik deurdat die betekenisinhoud van die Subjekswoord ook in ander gevalle dikwels uiters miniem en vaag is. Dat woorde waarvan die oorspronklike betekenis verbleek het, as Subjekswoord gebruik word in die onpersoonlike konstruksies, is dan ook heeltemal natuurlik. Deur die beperking wat die betekenisinhoud van die betrokke Ww. oplewer, word die ontwikkeling van die tweeledigheidsgevoel egter teëgehou, en kom dit dus nie verder as die kiem nie. In enkele gevalle — soos in Ndl. *dat regent* — kom dit egter tot volle ontwikkeling en vind dit dan ook uiting in die taal — in hierdie geval deur die gebruik van die woord *dat*. In Afrikaans bestaan volle tweeledigheid as die woord *daar* met nadruk uitgespreek word in sinne, soos: *dâár word gedans*, maar dan het hierdie woord 'n ander betekenis en is sy funksie nog die oorspronklike, n.l. die van bepaling van plaas by die Ww.

Musikale Eienskappe.

445. Die musikale eienskappe van die volsin val onder A. toonshoogte, en B. ritme. Daar die gebruik van hierdie middele in Afrikaans 'n volledige afsonderlike ondersoek verdien, wat die beste ter plaatse kan uitgevoer word, gee ek hier enkel enige algemene kenmerke aan, in die hoop dat dit 'n aansporing mag wees vir deskundiges om dit aan 'n uitvoeriger ondersoek te onderwerp.

A. *Toonshoogte.*

446. Die toonsbeweginge is in hoë mate afhanklik van die algemene stemming waarin die spreker verkeer. By 'n opgewekte stemming is die toonsbeweging b.v. groter en die algemene ligging van die toon hoër as by 'n rustige stemming, en omgekeerd word bedruktheid weerspieël deur 'n laer ligging van die toon en minder beweeglikheid.

447. Die rigting van die toonsbeweging weerspieël bepaalde stemminge en vorm ook 'n formele kenmerk van die sinsoorte. Gelykmatige betoning kom by die gewone praat haas nooit voor nie; dit kan 'n smekende indruk maak. Stygende betoning maak 'n opgewekte, vrolike indruk of 'n indruk van hoopvolle verwagting. Dit word ook voortgebring deur en wek 'n gevoel van spanning en onvoltooidheid. Dalende betoning maak die indruk van vasberadenheid, beslistheid, voltooidheid.

448. Naar die toonsbeweging kan ons onderskei tussen volsinne met dalende betoning teen die end en volsinne met stygende betoning teen die end.

449. Dalende betoning het die bewerende en die bevelende volsinne maar by lusteloosheid of onverskilligheid partymal ook die vraagsinne. Vir bewerende en bevelende sinne in vraagvorm sie §§ 523—8. Na die daling teen die end kan die bewerende sinne egter weer styg tydens die spanning wat die verband met wat volg veroorsaak. Op dieselfde manier styg die toon op die end van bysinne wat nie tewens die slot van 'n volsin vorm nie. Ook in die bevelende volsinne styg die toon soms teen die end. Ander kenmerke van bevelende volsinne is dat hulle gewoonlik laer begin en dat die toonsbeweging dus van kleiner omvang is as by die bewerende volsinne; verder, dat daar 'n sterk nadruksaksent val op die betoonde woord, en dat hulle in die reël met sneller tempo uitgespreek word as die beweringe.

450. Stygende betoning kom veral voor by uitroepende en vraende volsinne. Terwyl in bewerende sinne 'n melodieboog van laag oor hoog weer na laag gemaak word, het

die vraagsinne alleen maar die eerste helfte van die boog. As vraagpartikels gebruik word val die toonsverhoging sowel daarop as op die end van die sin. By uitroepe is die tempo gewoonlik óf langsamer óf vlugger as by vrae en volg op die toonsverhoging dikwels weer 'n geringe daling.

B. *Ritme.*

451. Onder ritme kan ons onderskei tussen (1) nadruksaksent en (2) pouses. Soos Wundt aangetoon het, kan by die nadruksaksent en die tydsduur van die pouses drie trappe onderskei word. By die toonsbeweginge het ons daarenteen drie trappe bo die gemiddelde en drie benede die gemiddelde. Die drie trappe van nadruksaksent is b.v. verteenwoordig in: *hièrdiĕ mán.* Ek dui die relatiewe lengte van die verskillende pouses in die volgende sinne — soos ek dit lees — met een, twee of drie strepies aan: *Die burgers ken my; // hulle weet / dat ek maar 'n haastige man is, // maar vir president Steyn / het ek altyd die grootste respek / en eerbied gehad. /// En waarom? /// Omdat hy dit waardig was.* (Christiaan de Wet, bls. 247).

452. (1) *Nadruksaksent.* Grondreël vir die nadruksaksent is dat die belangrikste begrippe die swaarste aksent kry, waarmee gewoonlik ook 'n hoër toon gepaard gaan. Vandaar dat die psigologiese Predikaat met meer nadruk uitgespreek word as die psigologiese Subjek, en dat in die woordgroepe met gelykmatige aksent die gelykmatigheid in die praktyk maar selde voor die dag kom, n.l. alleen as die twee begrippe in ewewig teen mekaar moet gehou word, soos b.v. in: *ses rooi osse.* In die reël verskil die belangrikheid van die verskillende begrippe en gevolglik ook die aksent. Vgl.: *die mán se boek* met *die man se boék; hy drink wáter* met *hy gló die storie; gaan vra dit vandág* met *gaan vrá dit vandag.* Woordgroepe met eenheidsaksent is in Deel I van hierdie werk bespreek. (Sie o.a. §§ 20, 21, 41, 42, 46, 48, 78, 85, 95, 96, 123-135, 195, 214, 233, 290, 357, 379).

Bindwoorde kry, deurdat hulle minder belangrik is, in die reël ondergeskikte aksent; tog kan juis die betrekking die belangrike element wees, en dan val die volle nadruk op die bindwoord. Vgl.: *Is dit 'n boek vân my of vir my?; (Het hy of sy vrou dit gesê?) — Hy én sy vrou het dit gesê.* Ook ander woorde wat gewoonlik ondergeskikte aksent in die groep het, kan in 'n bepaalde verband belangrik wees en dan die nadruksaksent kry. Vgl. o.a. § 21.

453. Die posiesie van die woorde word soms deur hulle ritmiese swaarte bepaal. So staan die woord *mos* of *mis* (Ndl. *immers*) byna altyd voor die ander bepalinge van die Ww., omdat dit ritmies lig is. Vgl.: *Hy sê dit mos altyd; hy het mos hier gebly,* ens. [1]) Sulke ritmies ligte woorde is ook *nie* en *al* aan die end van volsinne, bysinne en woordgroepe wat dikwels dieselfde diens doen as die uitgangs-ə in Nederlands, deurdat hulle die stem sag laat wegsterwe. Die woordjie *het* is ritmies swaarder as dit voor die Verl. Deelwd. staan, as wanneer dit daarna staan. Vandaar dat dit in gesproke Afrikaans in bysinne en in enkele ander konstruksies, altyd daarna staan, 'n volgorde waarvan die poësie soms afwyk deur die ander eise wat dit stel. (Vgl. §§ 308 en 347).

> *Opm.* Preller laat die ligte ritmiese gehalte van die laaste woord reëlmatig uitkom deur die skryfwyse *'t.* Vgl. *Dis begrypelik dat daar onder die omstandighede by die trek-mense self heelwat onbeslistheid sal geheers 't* (Piet Retief, bls. 101).

454. (2) *Pouses.* In Deel I is herhaaldelik gewys op die lang pouses by leungroepe. Maar ook by ander woordgroepe kom pouses voor. Sie b.v. §§ 152-3; 184. In die geleding van die volsin hoef die verhouding van Subjek tot Predikaat nie deur 'n pouse aangegee te word nie, maar na 'n enigsins lang gr. Subjek word gepouseer voor die Predikaat uitgespreek word. Vgl.: *Die skape van die boer oorkant die rivier // het in die skut gekom;* en met 'n bysin in die Subjek:

[1]) Vgl. Blümel, *Einführung,* §§ 738-9.

Vee van enige land wat in 'n ander land en klimaat oorgebring word, // sal in hul nakomelinge gaandeweg nader tot die lands-ras van die ander land (Leesboek, bls. 62).

Kaffers wat werk toe gaan, // loop met skouers hoog opgetrek (Leesboek, bls. 133).

455. Dieselfde gebeur na 'n lang Predikaat, en 'n lang voltooiing of bepaling van die Predikaat as hierdie sinsdele voorop gaan. Vgl.:

En toe antwoord met 'n bedeesde blik // die gewaande held op sy vraag.

Vir die man met die geweer oor die skouer en die verkyker in die hand // was hy nie bang nie.

Vir die honde wat blaf // hoef jy maar net te koets en naar die grond te gryp (Ons Weg, bls. 361).

Met 'n sug van verligting // spring hy op.

Als die boer dit alles dus bedenk het by die uitsoek van sy aanteel-vee, // dan het hy 'n goeie begin gemaak (Leesboek, bls. 59).

456. As albei lede van 'n samegestelde Ww. aan 'n langer bepaling voorafgaan, dan volg daar ook 'n pouse op. Vgl.: *Hy het gestaan // op daardie blou berg met die hoë krans.* As 'gestaan' op die end van die sin moes kom, sou daar nie so 'n pouse wees nie.

457. Ook op 'n kort Objek wat aan die Predikaatswoord voorafgaan, volg daar 'n pouse as daar twyfel kon bestaan oor die geleding van die sin:

Die man // sien die kind (Vgl. bls. 142).

458. Sommige soorte bysinne word voorafgegaan deur 'n pouse, b.v.: *Slegte behandeling van die diere is in die eerste plaas onmenslik en in die tweede plaas onbillik, // omdat 'n mens voordeel van hulle verlang* (Leesboek, bls. 62). Andere weer nie, b.v.: *Hy sê hy sal kom; ek sien die man wat daar staan.* Maar dit kan beter onder die bysin behandel word.

I. *Bewerende Volsinne.*

459. Bewerende volsinne dien — naar Noreen — om die teoretiese beskouing van die spreker oor die uiterlike verskynsels en momente van sy sielelewe tot uitdrukking te bring, hetsy die bestaan in onmiddellike waarneminge of die verwerking daarvan deur sy fantasie en gedagte verteenwoordig.

460. Ons kan naar die mate van stelligheid waarmee die opvatting van die spreker geuit word onderskei tussen A. deklaratiewe en B. fiktiewe beweringe. [1])

461. A. Die *deklaratiewe* bewering deel mee wat die spreker as 'n feit vasgestel het, b.v.: *Hy staan daar; hy is siek; ek weet nie.*

462. *Geskiedkundig.* In baie Indogermaaanse tale word hierdie soort bewering — vir sover as die Predikaatswoord 'n verbum finitum is — deur middel van 'n bepaalde modus, die Indikatief, uitgedruk. In Afrikaans het alle finitiewe modi — met uitsondering van enkele verstarde reste — in een vorm samegeval.

463. B. Die *fiktiewe* bewering deel mee wat die spreker nie juis as 'n feit wil laat opvat nie. Daar die Konjunktief as morfologiesie kategorie nie meer in Afrikaans bestaan nie, het die Ww. nie meer 'n besondere vorm om hierdie soort bewering uit te druk nie. Dit maak dus gebruik van bepaalde Hulpww., maar daarnaas ook van selfstandige woorde.

464. Deur *sou* met die Presens van 'n Infinitief, word 'n beskeie mening uitgedruk, b.v.: *Jy sou lus kry om 'n hap te gee.*

465. Deur *sal* of *sou* met die Perfektum van 'n Infinitief, word uitdrukking gegee aan 'n veronderstelling wat nie vervul is nie, omdat aan die voorwaarde daarvoor nie voldoende is nie, b.v.: *Dit sal (sou) my 'n genoeë gewees het.*

---

[1]) Naar Noreen, *Einführung*, blss. 291-3.

466. Deur *mag* of *mog* met 'n Infinitief word 'n toegewende bewering gedoen b.v.: *Dit mag wees dat hy 'n skurk is; tog vertrou ek op hom.*

467. Deur *kan* of *kon* met 'n Infinitief word moontlikheid of mag uitgedruk, b.v.: *Hy kan kom.* Dieselfde betekenis kan uitgedruk word deur modale Bywoorde soos: *moontlik, miskien, allig.*

468. Deur *moet* of *moes* met 'n Infinitief word 'n waarskynlikheid uitgedruk, b.v.: *dit moet waar wees.* Dieselfde betekenis word deur modale Bywoorde soos: *waarskynlik, seker, bepaald,* uitgedruk.

Geleding.

469. Die bewerende volsinne kan sowel een- as tweeledig wees. Daar tweeledigheid as die gewoonste type kan beskou word, word alleen die gevalle waar eenledigheid voorkom afsonderlik vermeld.

A. *Tweeledig.*

Woordorde.

470. Die gewoonste volgorde by tweeledigheid is: grammatiese Subj. — Pred. — voltooiinge of bepalinge van die Predikaat. As die voltooiing of bepaling die sin open, word die volgorde van Subj. en Pred. omgekeer (Vgl. §§ 345-6). Onder voltooiing of bepaling val in hierdie verband ook die Partisiepium of Infinitief wat same met 'n Hulpww. 'n samegestelde Tyd vorm, b.v.: *Gesien het ek hom; sien sal ek hom.*

471. Die voorplaatsing van bepaalde woorde geskied in ooreenstemming met 'n psigiese neiging wat daarnaar streef om die belangrike, nuwe element eerste tot uiting te bring, en word dus bepaal sowel deur die inhoud van die sin self as deur die verband waarin dit voorkom.

Na vore bring van die grammatiese Subjek.

472. As die grammatiese Subjek die belangrikste element

(dus psigologiese Predikaat) is, dan is daar, behalwe nadruksaksent, nog ander middels om daar uiting aan te gee, n.l.

(1) Die gebruik van die Passief. Vgl.: *Deur hom is dit beweer,* naas: *hy het dit beweer.*

(2) Die gebruik van 'n Terugwysende of Persoonlike Vnwd. Vgl.: *Die kind die het dit gedoen,* naas: *die kind het dit gedoen.* In die volgende sin word eers die gr. Subjek en dan die Predikaat betoon: *Die ou wat daar wegstap, met die vuur-rooi koeël-rond gesig, en half-duims stoppels om syn kin, hy het syn kos, en hy hou wat hy het* (Leeskoek, bls. 135).

(3) Deur omskrywinge kan wat anders die Subjek sou wees ook grammaties die posiesie van 'n Predikaat kry. In plaas van: *jy het dit gedoen,* word b.v. gesê: *dis jy wat dit gedoen het.*

473. Omgekeerd kan die Subj. voorlopig deur 'n Onbep. Vnwd. aangedui word en dan eers later as 'n opheldernde nagedagte tot uitdrukking kom, b.v.: *Dit was net gepas, sy antwoord* (Vgl. § 420).

474. Ook ander sinsdele kan voorop geskuiwe word, waarby die bindwoord dan voorlopig wegbly om as aanhangsel van die terugwysende woord op te tree. Vgl.: *Die slordigheid, afwesigheid van vertoon of opskik, dis of almal daarmee duidelik sê* .... (Leesboek, bls. 135).

B. *Eenledig.*

475. Eenledigheid kan tot stand kom deurdat óf die grammatiese Subjek óf die grammatiese Predikaat nie uitgedruk is nie, of deurdat Subjek en Predikaat nie van mekaar geskei kan word nie.

(1) *Die grammatiese Subjek is nie uitgedruk nie.*

476. (a) In enkele verstarde uitdrukkinge kan die Werkwoord in die eerste persoon Enkvd. gebruik word sonder Pronomen. Daaronder is te noem:

(α) Die woorde *segge* en *versoeke* in sakebriewe.

(β) Die sin: *traak jou nie (< dit raak > dit traak),* waar

'n fonetiese proses verantwoordelik is vir die afwesigheid van die gr. Subjek waarvan die afsonderlike bestaan nie meer gevoel word nie, daar dit samegesmelt het met die Ww. Daarnaas kom egter ook: *dit traak jou nie* voor.

(γ) In die woord *dankie* (< *dank je)* word die afsonderlike bestaan van die woorde waaruit dit ontstaan het nie meer gevoel nie. Van die Subjekswoord *ek* word dus ook geen gebruik gemaak nie. Soos *assemblief* (< *als je belieft)* waarvan die samestellende elemente ook onherkenbaar geword het, word *dankie* as 'n sinsvormende Interjeksie gebruik.

Opm. Die woord *dankie* is deur my in dieselfde vorm en funksie gehoor in die Alblasserwaard.

477. (b) In gesprekke is die Pers. Vnwd. van die eerste of twede Persoon soms oorbodig, deurdat die bedoeling duidelik genoeg is uit die toestand. Vgl.:

(Weet hy dit?) — Glo nie.

Hoe sê? Vra oom Dolf en sy oë word grootrond (Veld, bls. 139).

478. (c) Die gr. Subjek hoef nie uitgedruk te word nie, as dit duidelik genoeg is uit die grammatiese verband. In ouer vorme van Nederlands en Duits het in hierdie opsig veel groter vryheid bestaan as teenswoordig. [1]) In Afrikaans kom veral in aanmerking sinsreekse; daar hoef die gr. Subjek alleen by die eerste lid te staan. Vgl.:

Andries Vry is die eienaar van een van die grootste plase in die distrik en het nie nodig om self in sy boerdery te werk nie (Veld, bls. 5).

479. By die skrywer Von Wielligh is 'n nuwe ontwikkeling waar te neem. Die parallelle bou wat reël is by sinne wat tot dieselfde reeks behoort, word dikwels vergeefs by hom gesoek, sodat in die twede bysin die woordorde van 'n volsin gebruik word. Iets soortgelyks kom ook in die spreektaal voor, maar dan het die twede sin ook 'n Pronomen as Subj. en word dit dus gevoel as 'n selfstandige volsin. Von Wielligh

[1]) Vgl. Stoett, *Mnl. Syntaxis,* §§ 219-220; Paul, *Deu. Grammatik* III, §§ 15-17.

laat egter die twede sin volg sonder Pronomen, sodat 'n eienaardige mengproduk ontstaan: 'n reeks bysinne waarvan die eerste die woordorde van 'n bysin vertoon maar die twede die gewone woordorde van 'n volsin. Iets dergeliks is my in die spreektaal nie bekend nie. Vgl.:

Daar is min mense wat nie op een of ander geleentheid hulle hand aan 'n rympie gewaag het nie en het misskien hard getrag om dit in druk te sien (E. Skrywers, bls. 112).

Voortgaande wys hy daarop, hoe die boekies, wat nou so sterk aangeval word, met al hulle gebreke tog die middel was om ons landgenote Afrikaans te leer waardeer en het dus volkome hulle doel, waarvoor hulle geskrywe was, bereik (E. Skrywers, bls. 131).

(2) *Die Predikaatswoord is nie uitgedruk nie.*

480. Soos die grammatiese Subjek kan ook die verbum finitum van die grammatiese Predikaat onuitgedruk bly in 'n sinsreeks. Vgl.: *Ek gaan weg en hy ook.*

(3) *Psigologiese Eenledigheid.*

481. Verskillende soorte woorde en woordgroepe kan gebruik word om mededelinge te doen sonder dat hulle grammaties 'n predikatiewe verbinding vertoon. Psigologies berus die moontlikheid van sulke eenledige sinne op die feit, dat deur die uiterlike omstandighede of die grammatiese verband waarin die sin uitgespreek word, die verbinding reeds vooraf tot stand gekom het.

482. Hierdie soort eenledige sinne word o.a. gevorm deur woorde soos: *ja, nee, miskien.* Verder hoort daartoe veel sinne met enkel 'n nominale element soos in opskrifte, o.a. bo koerante-artiekels en hoofstukke van boeke, as boektietels, in winkelrame, ens., b.v.: *'n Belangrike vonds; Die Tussenverkiesing in X; Die Galliese Oorlog; Vars Eiers,* ens. Sulke sinne word ook gevorm as mense aan mekaar voorgestel word of as mededelinge in telegramstyl gedoen word. Twee sulke sinne het ons b.v. in: *Juffrouw Bester,*

Meneer Alpenveld (Misdade, bls. 16) en drie in: *'n Jong lewe so belowend — 'n enkele misstap — en nou dit* (Misdade, bls. 39).

483. Maar ook sinne wat grammaties 'n Subjekswoord en 'n Predikaatswoord aanwys, kan psigologies as so 'n enge eenheid gevoel word, dat hierdie woorde gesamentlik 'n kompositum vorm. Vir Nederlands noem Dr. van Ginneken [1]) b.v.: *geloof ik, meen ik, zegt men,* as tussensinnetjies. Verder: *zeg-je, gaat-ie, willen we, zou ik, ik weet, je moet, je slaapt, dat zal,* ens. Die feit dat *glo* as Bywoord gebruik word, toon aan dat dieselfde verskynsel in Afrikaans voorkom. Hierdie Bywoord moet tog ontstaan het uit die tussensinnetjie *glo ek.* As die aksent op *glo* val kan die hele betekenis soseer in die Ww. gekonsentreer wees dat die afsonderlike bestaan van die twee woorde nie gevoel word nie; vandaar die verdere ontwikkeling dat so 'n oorspronklike Ww. (sonder toegevoegde Pronomen) tot Bywoord kan word. Oor die algemeen kan dieselfde verbindinge as in Nederlands ook in Afrikaans op hierdie manier eenledig gevoel word.

484. Daarenteen het ons geen eenledigheid in sinne soos: *dis waar* en *hejjy dit gedoen?* nie. Deur fonetiese prosesse word *dit is* > *dits* > *dis,* en word *het jy* (wat nog soms by nadruklik praat gebruik word) tot *hejjy* geassimileer. Die eintlike Predikaat in hierdie sinne is egter 'waar' en 'dit gedoen'. Die woorde *is* en *het* dien as bindmiddel tussen Subjek en Predikaat. So 'n bindmiddel kan vergelyk word met die hake wat dien om twee spoorwaens aan mekaar te koppel. Dit kan óf 'n los haak wees wat tussen die twee geskuiwe word óf dit kan aan een van die waens vassit. Terwyl dit gewoonlik nouer verbonde is met die twede, is dit hier aan die eerste (die Subjek) vas en is daardeur selfs enige verandering aan sy vorm teweeggebring, soos 'n haak wat die hout van 'n wa beskadig.

---

[1]) *De Kataloog van een Taalmuseum.*

Uitbreiding van die volsin.

485. 'n Volsin kan as geheel weer nader bepaal word. Dit geskied dikwels deur middel van bepalinge wat in leunverhouding tot die hele volsin staan. Vgl.:

Wat egter opmerklik by hom is, hy het die fonkelende oë van 'n dweepsieke (Getrou, bls. 56).

'n Ander ligpunt neem van die kraagmannetjie se hele aandag besit nou (Oerwoud, bls. 34).

486. Volgens Dr. van Ginneken is ook die bepalinge van gesteldheid, bepalinge by die hele sin, b.v. in: *De malle Jan kwam gisteravond dronken thuis.* [1]) 'Dronken' kan egter ook opgevat word as deel van die Predikaat.

II. *Bevelende Volsinne.*

487. Ons kan die bevelende volsinne onderverdeel in: A. Gebiedende sinne; B. Wensende sinne.

A. *Gebod.*

488. 'n Gebod is die mededeling van 'n bevel wat 'n mens hoop te realiseer deur dit uit te druk.

489. By tweeledigheid dui die grammatiese Subjek die toegesproke persoon (dier, saak, ens.) aan, en die Predikaat wat van hom verlang word. Gewoonlik is dit egter reeds uit die situasie (insluitende gebare, oogwenke, ens.) duidelik wie die toegesprokene(s) is, sodat die meeste gebiedende sinne enkel die predikatiewe element bevat en dus eenledig is. Tweeledigheid moet dus beskou word as 'n uitbreiding van die gewone tiepe.

---

[1]) *Nieuwe Ndl. Spraakkunst en het buitenland.*

Eenledig.

490. (1) Die eenledige Predikaat kan bestaan uit:

(a) 'n Verbum finitum, b.v.: *kom, staan op, loop vinnig.*

491. *Geskiedkundig.* In ouer Germaanse tale kom die verbum finitum wat 'n gebod uitdruk, voor in bepaalde vorme, die van die Imperatief, wat ten dele van die van die Indikatief afwyk. In Afrikaans het die verbum finitum dieselfde vorm, of dit nou uitdrukking gee aan 'n gebod, bewering, vraag of uitroep.

492. (b) 'n Infinitief, b.v.: *hier bly lê* (Die Saaier, bls. 28); *mooi oppas; opstaan; vinnig loop.*

> *Opm.* In gebiedende sinne word die verbum finitum van die Infinitief onderskei deur middel van die woordorde. In sulke sinne volg die bepalinge, voltooiinge of nie-werbale dele van 'n samegestelde Ww. die verbum finitum maar gaan hulle aan die Infinitief vooraf. As 'n onsamegestelde Ww. sonder bepaling of voltooiing gebruik word is so 'n onderskeidingsmiddel egter nie aanwesig nie.

493. (c) Die Verlede Deelwd. word in Afrikaans veel minder gebruik om 'n gebod uit te druk as bevoorbeeld in Nederlands. Tog is dié gebruik nie onbekend nie, b.v.: *opgepas, gou gemaak,* ens. Dis op te merk dat die Verl. Deelwd. in sulke sinne aktiewe betekenis het.

494. (d) 'n Hulpww. + Inf. Sie § 502.

495. (e) Ook ander woordsoorte en woordgroepe word gebruik om die Predikaat te vorm, b.v.: *Stil!; weg!; hier!; by die deur uit!; aan die werk!; op jou plek!*

496. Soms kan so 'n woord of woordgroep nog gevoel word as Objek of bepaling van 'n Werkwoord wat nie uitgedruk is nie maar tog in die gees aanwesig is, b.v.:

Gou! (= loop gou, maak gou, ens.); *'n vuurhoutjie!* (= gee my 'n vuurhoutjie).

497. (2) Naamwoorde kan gebruik word om iemand aan te roep, waarvoor in sommige tale (b.v. Latyn en Grieks) 'n besondere vorm, die Vokatief, bestaan. Hierdeur word

nie meegedeel wat 'n mens begeer nie, maar dat 'n mens iets begeer en tot wie hy hom daarvoor rig. Deur die situasie waarin die aanroep geskied (toon, gebare, beweginge van die oë, ens.) kan die aanroep egter ook 'n bevel behels, b.v.: *Jan!* = bly stil, Jan; *Meneer!* = hou op, meneer. Die aanroep kan dus ook 'n eenledige bevel wees.

Tweeledig.

498. Die Predikaat kan verduidelik word deur die toegesprokene uitdruklik te noem. As dit met 'n pouse daarvan geskei is, staan die toegevoegde nomen voor of na die Predikaat in leunverhouding daarmee, b.v.: *Kinders, kom; kom, kinders; jy, weg; weg, jy; gou, jong,* ens.

499. Hieruit ontstaan 'n enger verhouding sodat die toegevoegde nomen opgevat word as Subjek van die sin. By agterplaatsing van die nomen is so 'n verenging moontlik by alle tiepes behalwe by die adwerbiale uitdrukkinge, en woorde of woordgroepe wat as bepaling van 'n onuitgedrukte Werkwoord gevoel word. Vgl.: *kom kinders; mooi oppas julle; gou gemaak Klaas; hier jy* (> uitroep *hierjy!*).

500. By voorplaatsing van die nomen is die enger verhouding taamlik seldsaam. Sinne soos: *jy kom, jy staan op,* kan ook met veranderde betoning uit bewerende sinne ontstaan het; maar verbindinge soos: *jy opstaan, jy oppas, jy weg, jy op jou plek,* is ook moontlik. Daarenteen kom die verenging nie voor by bepalinge of Objekte soos in § 496 bedoel nie.

501. As die bevelende woord self uitgedruk is, het ons gewoonlik nie 'n bevelende sin nie, maar 'n bewerende b.v.: *Ek beveel jou om te kom; jy moet kom,* ens.

Opm. 'n Uitsondering vorm algemene bevele met die Hulpww. 'zult' in Bybeltaal: *gij zult niet stelen.*

502. Uit bewerende sinne met die Hulpww. *moet* het egter 'n nuwe tiepe van verbiedende sinne ontstaan. Hulle word ingelei deur die woord *moenie,* samegesmelt uit *moet*

+ *nie* b.v.: *moenie praat nie* (tweeledig: *moenie jy praat nie), moenie wegloop nie* (tweeledig: *moenie jy wegloop nie)* en is meer gebruiklik as die tiepe: *praat nie, loop nie weg nie,* ens. Nog weinig gebruiklik is daarnaas positief bevelende sinne met die Hulww. *moet,* soos in: *Moet jou tog nie daaroor bekommer nie* (Getrou, bls. 69).

Vir bevele in vraagvorm, uitgesonderd die betoning, sie 528.

B. *Wens.*

503. 'n Bevel kan versag word deur middel van woorde soos: *tog, maar, assemblief, tog maar, nou maar, dan maar, nou tog, dan tog,* ens. en dus tot 'n wens word. [1]) Vgl.: *Kom tog,* ens. Deur 'n wens word uitgedruk dat 'n mens op magtelose manier iets begeer. Die spreker maak geen aanspraak daarop om 'n handeling te voorskyn te kan roep wat die verwesenliking van wat hy begeer kan teweeg bring nie. [2]) Daar 'n wens, behalwe as dit 'n versagte bevel is, óf tot 'n afwesige persoon óf op minder direkte manier tot 'n aanwesige gerig word, is tweeledigheid reël, behalwe by versagte bevele.

Tweeledig.

504. Behalwe deur die betoning kan 'n wens uitgedruk word deur bepaalde werbaalvorme en sinsvorme en deur hulpwerkwoorde.

505. (1) Van die Optatief bestaan in Afrikaans alleen nog maar enkele reste in Bybelse en ander geykte uitdrukkinge. By die gebruik van die Optatief is die normale woordorde: Subj. — Pred. (direkte woordorde), tensy 'n nie-werbale deel van die Predikaat die sin open. Vbb.: *U wil geskiede; dit sy so; lang lewe die koning.*

506. In die wens *laat ons (gaan)* het die Optatief en Imperatief samegeval (Ndl. *laten we gaan* en *laat ons gaan).*

---

[1]) Vgl. Hoogvliet, *Lingua,* blss. 97-98.

[2]) Noreen, *Einführung,* bls. 294.

Die Gebiedende Wys word b.v. ook in Engels en Duits in ooreenkomstige sinne gebruik om 'n wens uit te druk.

507. (2) As 'n wens uitgedruk word deur middel van selfstandige Ww. soos: *wens, begeer, wil,* ens., dan word die wens as 'n bewering meegedeel. Uit sulke sinne het egter wensende volsinne met die vorm van bysinne ontstaan, ingelei deur die onderskikkende Konjunksie *dat,* b.v.:

Dat hy sukses mag hê.

Dat dit die end mag wees.

Weinig gebruiklik is tans sulke sinne sonder die Hulpww. *mag,* soos: *dat hy sukses het.*

508. Ook uit bysinne wat 'n voorwaarde uitdruk wat vervul moet word om 'n gewenste toestand te bereik, ontstaan volsinne met die vorm van bysinne, ingelei deur *as: As ek tog maar betyds kan klaarkom.*

509. (3) Die mees gebruiklike manier om 'n hoopvolle wens uit te druk is deur middel van die Hulpww. *mag* met die woordorde: gr. Pred. — Subj. (geïnverteerde woordorde), b.v.:

Mag hy dit nooit vergeet nie.

Mag ons môre beter tyding hoor.

510. (4) 'n Hopelose wens, d.i. 'n onvervulde of onvervulbare wens, word deur middel van die Imperfektum en geïnverteerde woordorde uitgedruk. Daar die Imperfektum nog maar net by enkele selfstandige Werkwoorde gebruiklik is (b.v. in: *Wis ek dit maar),* word gewoonlik gebruik gemaak van die Imperfektum van Hulpww. gevolg deur die Infinitief of Verl. Deelwd. van die Hoofwerkwoord. Vgl.: *Ag, was hy maar hier en mog ek hom nog maar een keer sien.* Die Hulpww. *het* kan egter in die Presens sowel as in die Imperfektum gebruik word, wel deurdat ook die eerste die begrip van die Hoofww. in die verlede verplaas. So kom naas mekaar voor: *Het ek tog maar jou raad gevolg!* en *Had ek tog maar beter gelewe!* [1])

---

[1]) Hierdie twee vbb. uit Malherbe, *Afr. Taalboek,* bls. 114.

Eenledig.

511. Deur middel van eenledige volsinne met nominale element word 'n gewenste toestand uitgedruk, b.v.: *Sukses! Geluk! Alles ten beste! Voorspoedig!*

512. *Geskiedkundig.* Sommige van hierdie volsinne kan ontstaan het uit sinne met uitgedrukte werbale element, soos: *ek wens jou geluk.*

III. *Vraende Volsinne.*

513. Ons kan onderskei tussen: (1) *twyfelvrae* (beslissingsvrae) en (2) *leemtevrae* (soekende vrae). Daarvan gee Noreen die volgende definiesies: [1])

(1) „Die rogative Frage oder Anfrage bringt in zweifelnder Form einen Vorschlag zu einem Ausspruche (bzw. Urteile) vor und verlangt von der Antwort Billigung oder Verwerfung dieses Vorschlags." Vb.: *Sal hy kom?* — (Antwoord): *Ja, nee, miskien.*

(2) Die quäsitive Frage oder Ausfrage forscht nach einer unbekannten Glosse oder einem unbekannten Faktor des Urteils, die, bzw. den sie vorläufig durch ein 'Interrogativpronomen' andeutet, und erwartet als Antwort die Ergänzung des Ausspruches durch Angabe des expressiven Wertes, der dem Pronomen in dem betreffenden Falle zukommt". Vbb.: *Hoe is sy naam?* — (Antw.:) *Meyer; Wanneer kom hy?* — (Antw.:) *Môre.*

Tweeledig.

514. (1) Twyfelvrae word, behalve deur die vraagtoon, as normale tiepe uitgedruk deur die geïnverteerde woordorde.

[1]) *Einführung*, blss. 301-2.

Die Predikaatswoord staan dus voorop: *Is hy siek?; Staan hy daar?* Maar ook die woordorde van bewerende sinne kan daarvoor gebruik word. Dan is die vraagtoon die enigste middel waardeur die algemene betekenis van die sin uitgedruk word: *Hy is siek? Hy staan daar?*

515. Die twyfelvrae kan uitgebrei word deur middel van met *of* verbonde toevoegsels: *Is hy siek of nie?; Was Alexander of Hannibal die grootste veldheer van die oudheid?* Hierdie formasies kan beskou word as sinsreekse waarin die Ww. maar eenmaal uitgedruk is. Die antwoord op sulke dubbelvrae is geen modale woord nie, maar daarin word 'n keuse gedoen tussen die genoemde alternatiewe. Vandaar die naam: *bepaalde beslissingsvraag* of *alternatiewe vraag.*

516. (2) Leemtevrae word uitgedruk deur middel van bepaalde vraagwoorde, n.l. Pronomina soos: *wie, wat,* ens.; Bywoorde soos: *waar, wanneer, hoe,* ens.; Telwoorde soos: *hoeveel, die hoeveelste.* Die vraagwoord staan voorop en die geïnverteerde woordorde word gebruik: *Waar is dit?; wat sê hy?; Hoeveel was dit?*

517. Dis egter ook moontlik om sulke vrae enkel deur die vraagtoon, dus sonder vraagwoorde en omgekeerde woordorde, uit te druk. Die sin word dan afgebreek waar die gesogte woord moet ingevul word, b.v.: *Jou naam is . . .?; jy kom nou van . . .?*

518. Ook die leemtevraag kan uitgebrei word deur alternatiewe te noem, b.v.: *Watter stad het meer inwoners, Londen of Nu York?* Die woorde 'Londen of Nu York' dien hier as latere eksposiesie van 'watter stad'.

Eenledig.

519. (1) Soos by die bewerende volsinne hoef die gr. Subjek alleen in die eerste van 'n reeks vraende volsinne uitgedruk te word, b.v.: *Het hy dit gesien, en geskrik en toe weggehardloop?*

520. (2) Ook die gr. Predikaat hoef in sulke reekse nie herhaal te word nie, selfs al is die eerste sin van die reeks

bewerend. Vgl.: *Sien ek die gevaar en jy ook?*; *Ek sien die gevaar; jy ook?*

521. (3) Deur die uiterlike situasie is dit dikwels duidelik genoeg wie die toegesprokene is, sodat die Pronomen van die twede persoon (met die Hulpww.) nie hoef uitgedruk te word nie, b.v.: *[Wil jij] nog 'n keer probeer?*; *[Wil jy] kyk?*

522. (4) Deur die vorm van die vorige sinne in die dialoog is dit dikwels voldoende om enkel die Subjek, Predikaat, Bepaling, Objek of Vraagwoord in die vraagsin uit te druk. Vgl.:

Jy moet saamgaan. — Ek?
Hy is fluks. — *Fluks?*
Hy het lank weggebly. — *Lank?*
Die blou potlood wil ek he. — *Die bloue?*
Ek het 'n instrument nodig. — *So 'n pennetjie?*
Gee my een van die boeke. — *Watter een?*

523. Die woordorde en vraagwoorde van die vraende volsinne word ook gebruik in die s.g. *retoriese* of *oratoriese* vrae, wat óf die stygende betoning van uitroepsinne óf dalende betoning het. Naar die betekenis het ons hier egter nie met vraende sinne te doen nie, maar met kragtige beweringe. Daar word dan ook geen antwoord op sulke vrae verwag nie.

Stygende betoning.

524. Die vorm van 'n negatiewe vraag word gebruik as die bedoeling is om 'n sterk positiewe bewering te doen. Vgl.:

Is so iets nie moontlik nie! (= So iets is moontlik).
Het hy daar nooit van gehoor nie! (= Hy weet dit baie goed).

525. Deur die vorm van die positiewe vraag word daarenteen 'n negatiewe bewering gedoen. Vgl.:

Is ons neerslagtig! (= Ons is vrolik).
Het jy dit ooit kon dink! (= 'n Mens kon dit nie dink nie).

526. En deur die vorm van 'n leemtevraag word kragtig te kenne gegee dat die persoon, saak, ens. waarna gevraag word, heeltemal ontbreek, b.v.:

Wie glo sulke stories! (= Niemand glo sulke stories nie).
Wat sal ek oorkom! (= Ek sal niks oorkom nie).

Dalende Betoning.

527. Die vraagvorm met dalende betoning word gebruik om uiting te gee aan verontwaardiging, wrevel, protes, aansporing, vermaning, [1]) b. v.:

Het ek dit jou nie gesê nie? (= Ek het dit vir jou gesê).
Hoekom is jy dan so lui? (= Jy moet nie so lui wees nie).
Hoekom doen jy dit nou tog? (= Jy moet dit nie doen nie).

Opm. Die vraagwoord *hoekom* (< *hoe kom dit*) sal ontstaan het in dialoge soos: *Hulle het rusie gekry. — Hoe kom dit?*, waar 'dit' kon wegbly. Toe *hoekom* eenmaal opgevat was as sinoniem van *waarom*, kon dit ook as vraagwoord gebruik word in sinne waar vroeër *hoe kom dit dat*, gevolg deur die woordorde van bysinne, gebruik is.

528. Die vraagvorm met dalende betoning word ook gebruik om 'n autoritatiewe bevel te gee, b.v. in die ondervraginge van skoolmeesters, regters, ouers, ens., b. v.:

Waar was jy gistraand? (= Beken waar jy gistraand was).
Wie het die ruit gebreek? (= Ek wil weet wie die ruit gebreek het).
Wat is die hoofstad van Frankryk? (= Jy moet my sê wat die hoofstad van Frankryk is).

IV. *Uitroepende Volsinne.*

529. Die uitroepende volsinne doen, sonder bemiddeling van 'n Werkwoord wat die begrip 'gevoel' uitdruk, mededelinge oor die gevoelens wat bepaalde verskynsels in die

[1]) Van Alphen, *De Vraagzin* (N. Taalg. VIII).

gemoed van die spreker opwek. Die mededeling kan bestaan uit 'n beskrywing van die gevoelens self of van die opwekker(s) van die gevoelens.

Eenledig.

530. A. Die mededeling van die gevoelens self is, as beskrywing van 'n toestand, gewoonlik eenledig. Die opwekker van die gevoelens blyk dan uit die algemene situasie. Gebruik word gemaak van die volgende grammatiese kategorieë as uitdrukkingsmiddel in sulke gevalle.

531. (1) Die Interjeksies is by uitnemendheid die woordsoort wat dien om uiting te gee aan die gevoelens. As hulle nie enkel refleksbewegings is nie, maar ook dien tot mededeling, vorm hulle sinne. Vgl. §§ 380—9.

532. (2) Die uitroepende Vnwd^{e} (sie § 39) dien tot inleiding van uitroepsinne: *Hoe mooi! wat 'n geluk,* ens.

533. (3) Die uitroeptoon is dikwels voldoende om uiting te gee aan die gevoel wat moet meegedeel word, vir so ver as dit nie reeds deur die eie betekenis van die gebruikte woorde te kenne gegee word nie: *Versigtig! Skitterend! Vreeslik! liefies!*

534. B. 'n Eenledige uitroepsin kan gevorm word deur die opwekker van die betrokke gevoel met die vereiste betoning te noem: *Nog 'n vliegmasien! 'n Slang!*

535. Die eenledige volsin kan die vorm van 'n bysin aanneem, b. v.:

Soos hy kan werk!
Dat hy so iets kan sê!

Tweeledig.

536. 'n Tweeledige sin, in uitroeptoon uitgespreek en ingelei met 'n uitroepende Vnwd. of 'n vraagwoord, kan dien om mee te deel wat dit is wat die gevoel opwek. Dan word die direkte woordorde gebruik. Vgl.:

Wat 'n spektakel dit sal afgee!

Hoe hy moed hou!
Waar hy daaraan kom!

537. Daar sinne in mededelende vorm met uitroeptoon egter ook gebruik kan word om uiting te gee aan 'n gevoel, kan die geïnverteerde woordorde hier ook gebruik word, b.v.:

Wat gee dit 'n spektakel af!
Hoe hou hy moed!

Verder: *Hy kyk om! Dis vreeslik!* ens.

538. Ook sinne in vraagvorm met uitroeptoon kan dien tot mededeling van 'n gevoel, b.v.:

Hoe is dit moontlik!
Wat het jy nou weer aangevang!

539. Die volsinne kan, soos die woorde, op mekaar volg om reekse te vorm; en ook kan woorde of woordkomplekse met die geleding van volsinne, as onderdele van volsinne gebruik word, om dan die naam 'bysin' te kry. Die formasies wat op dié maniere ontstaan, hoop ek in 'n vervolg op hierdie werk te behandel.